

Die amazing geloofsreis!

Ons hoop jy's reg vir die amazing geloofsreis! Ons gaan vanjaar saam ontdek dat geloof rîrig is, dat dit die moeite werd is om die Here te volg en dat Hy die Lewe in oorvloed bring (Joh 10:10). En die wonderlike is, jy hoef dit nie op jou eie te doen nie – ons doen dit saam met mekaar. Ons gaan mekaar vanjaar ondersteun en help, maar ook uitdaag om nie 'n halfpad-Christen te wees nie, maar voluit te gaan. Ons gaan saam Bybel lees en ontdek dat 'n eeue-oue boek vol kraakvars nuus vir vandag kan wees. Ons gaan saam worstel met vandag se vrae – niemand gaan snaaks opkyk as jy oor iets wonder nie. Ons gaan saam kuier, mekaar geniet en ontdek dat ons bedoel is om mekaar aan te moedig. Ons gaan vriendskappe smee tussen jonger en ouer kinders van die Here en baie by mekaar leer.

Die reisplan

Ons volg die 7-weke program vir die eerste kwartaal. In vanjaar se Sewe Weke program doen ons die *Ek is* uitsprake van Jesus.

In die 2de en 3de kwartaal kyk ons na die kern geloofsvrae en hoe ons dit prakties in ons lewens kan toepas. Groeps gesprekke wissel mekaar af met kleingroepbesprekings. Studente help ons as mentors in hierdie gesprekke.

Ons kom Sondagaande 17:30-18:30 in die Foyer van die Hofmeyrsaal bymekaar. Hierna tree die groep op as kleingroepopleiers vir die Graad 7-10 gespreksgroepe.

Bring asb altyd jou Bybel en 'n pen of potlood saam na die byeenkomste.

Ons moedig julle aan om dan die Jeugdinstelling Sondag aande in die Hofmeyrsaal by te woon - 19:00-20:00.

En waartoe lei dit alles?

In 2018 kan jy by een van vier geleenthede in die kerk voor die gemeente getuig dat jy gekies het om Jesus te volg omdat Hy gekies het om vir jou sy geliefde kind te maak.

Jy en jou ouers moet 'n briefie vir ons skryf waarin jy aandui wanneer en waarom jy graag belydenis van geloof wil aflê. Daar is dan ook 'n gesprek met Jan en Amos.

En dan is dit daardie besondere dag wanneer jy jou hand in die doopfont hou en onthou dat God gesê het: “Jy is Myne”. En jy antwoord daarmee: “Ja, Here, ek is U s'n.”

Kom gesels met ons!

Jan van Zyl
jan@moederkerk.co.za
0828713155

Amos Petersen
amos@moederkerk.co.za
0761918867

JAARPROGRAM

EERSTE KWARTAAL

15 Jan	Registrasie – Moederkerk
22 Jan	Familiediens
29 Jan	Sewe Weke 1
5 Feb	Sewe Weke 2
12 Feb	Sewe Weke 3
19 Feb	Sewe Weke 4
26 Feb	Sewe Weke 5
5 Maart	Sewe Weke 6
12 Maart	Sewe Weke 7
19 Maart	Langnaweek/#IMAGINE
25 Maart	Die Betekenis van PASE

TWEEDE KWARTAAL

23 Apr	My paspoort – God die Seun Verlos
30 Apr	Langnaweek
7 Mei	God die Vader
14 Mei	Die Heilige Gees ons “guide”
21 Mei	Gawes van die Gees
28 Mei	Die Doop – <i>A River runs through it</i>
4 Junie	Straatlig

DERDE KWARTAAL

30 Julie	Die Kerk
6 Aug	Ek het ‘n unieke plek in God se span
13 Aug	Kry jy die <i>clues</i> ? Om God se stem te hoor
20 Aug	Seksualiteit en verhoudings
27 Aug	Ander Godsdienste
2-3 Sept	Pelgrimstog
10 Sept	Vrae wat Pla
17 Sept	Afsluiting saam met ouers

Die amazing geloofsreis

2017



**Stellenbosch
Moedergemeente**

